NGK Riviera-Jakaranda

Groei oor Grense

ADRES: Blakestraat 125, Riviera 0084

KERKKANTOOR TEL: 012 329 3601

WEB: www.rivierajakaranda.org.za
E-POS: admin@rivierajakaranda.org.za
KANTOOR-URE: Maandae 10:00 - 12:00
Di-Vr 08:00 - 12:00

AANSOEKVORM VIR DIE DOOP VAN KINDERS VAN GELOWIGE OUERS

DATUM VAN DOOP _____ **LERAAR** _____

HEG ASB DIE VOLGENDE DOKUMENTE AAN:
*REGISTRASIE SERTIFIKAAT VAN KIND
*HUWELIKSREGISTRASIE VAN OUERS
*ID-DOKUMENTE VAN BEIDE OUERS

HIERDIE VORM MOET VOLTOOI EN INGEHANDIG WORD MINSTENS (1) EEN MAAND VOOR DIE BEOOGDE DOOPDATUM

BESONDERHEDE VIR KERKLIKE REGISTRASIE

1. **Voornemende dooplidmaat**

   Van: _____

   Volle name: _____

   Geboortedatum: _____

2. **Besonderhede van vader**

   Van: _____

   Volle name: _____ Kerkverband: _____

   Lidmaatstatus: _____ Gemeente: _____

3. **Besonderhede van moeder**

Nooiensvan: _____

Huidige van: _____

Volle name: _____ Kerkverband: _____

Lidmaatstatus: _____ Gemeente: _____

4. **Algemeen**

Adres van ouers: _____

Telefoon: _____ (w) _____ (h)

Datum van huwelik van ouers: _____

Wanneer het u in die gemeente ingetrek: _____

Geteken te _____ die _____ dag van _____ 20___

Vader _____

Moeder _____

BRIEF AAN VOORNEMENDE DOOPOUERS

Baie geluk met die geboorte van u kind. Mag u die seën van die Here hierdeur ervaar.

Om u kind te doop is nie `n naamgee-geleentheid nie. Dit is in meer as een opsig `n baie besondere geleentheid. Enersyds is dit besonders omdat God daarin aan u kind kom verseker dat sy genade ook vir hom of haar bedoel is. Andersyds omdat dit `n teken is wat vir besondere mense bedoel is - vir mense wat deur die ware geloof in Christus deel is van God se huisgesin.

Daarom is dit belangrik dat die bediening van die doop vir u betekenisvol moet wees. Dit kan egter net so wees indien u werklik verstaan wat daar gebeur en hoe dit u en u kind raak. Ongelukkig is daar in die verlede min moeite gedoen om voornemende doopouers hiermee te help. Gevolglik is die doop baie keer deur hulle bloot uit gewoonte of uit bygeloof gebruik.

In die lig hiervan het die Kerkraad van hierdie gemeente besluit dat daar meer aandag aan doopouers gegee moet word. Hulle moet begelei word om die doop te verstaan. Ter wille van hulself moet die leraar toesien dat doopouers dit reg verstaan en op die regte manier gebruik.

Met die oog hierop wil ons die volgende praktiese reëlings aan u deurgee

1 Kontroleer asseblief met die skriba of u attestate in die gemeente is. Indien nie moet u die nodige inligting verskaf sodat dit aangevra kan word. U mag ongelukkig nie die doopbelofte aflê as u attestate nie in hierdie gemeente is nie. Indien u attestate nie hier is nie geskied die doopbediening oor ten minste tweemaande.

2 U moet `n afspraak met die leraar maak vir `n gesprek oor die manier waarop u die doop verstaan. Bring asseblief by hierdie geleentheid u kind se geboortesertifikaat of identiteitsdokument saam.

3 Die leraar sal u versoek om `n boekie aan te koop waarin die leer van die doop in besonderhede verduidelik word. Hierdie boekie is by die kerkkantoor beskikbaar en daar word van u verwag om die inhoud intensief te bestudeer.

4 Sodra u die leraar oortuig het dat u verstaan waaroor die doop gaan, hoe dit u kind raak, en watter verantwoordelikheid dit op u plaas, sal hy die doopbediening toestaan. Hy sal verder vir u die praktiese proses verduidelik.

5 Dit kan gebeur dat die leraar voel u het die stof nie na behore bemeester nie. Hy sal u dan versoek om weer daarna te gaan kyk en terug te kom vir `n verdere onderhoud of `n latere doopgeleentheid.

6 In die lig hiervan wil ons u vra: ***Moet asseblief geen finale reëlings met familie tref voordat u die groen lig van die leraar gekry het nie*** -dit kan net onnodige ongelukkigheid veroorsaak.

7 Alhoewel hierdie reëlings streng mag klink, is dit ingestel vir u eie beswil. Daarom hoef u dit nie te sien as `n groot eksamen nie. Dink eerder daaraan as `n ernstige pastorale gesprek waardeur ons u wil begelei om beter te verstaan en die doop meer sinvol te beleef.

Mag hierdie ervaring ook vir u geestelike verryking bring.

_____

nms DIE KERKRAAD
NG KERK RIVIERA-JAKARANDA